# Huisgeloof

**Eerstes**

## 1 Omgee

Dink saam - watter nuwe dinge of “eerstes” het jy al beleef hierdie jaar of gaan jy nog beleef? Dalk ‘n nuwe graad, ’n nuwe sportspan, nuwe onderwysers, nuwe uitdagings of verantwoordelikhede of selfs ‘n nuwe skool/werk? Vertel vir mekaar hoe jy dit ervaar.
In die Bybel word mense soos die dissipels en Paulus geroep om Jesus te volg en ‘n splinternuwe hoofstuk te begin.

## 2 Lees

**Matt 4:18-22**
**1 Kor 1:10, 17-18**
**Psalm 27:1 & 14**

Laai die **DinkJeug Familie App** gratis af vir daaglikse huisgeloof oordenkings.

Google Play:

Apple iStore:

## 3 Gesels

- Lees oor die dissipels se roeping in Matt 4. Hoe dink jy het die dissipels gevoel?
- Vertel van ‘n keer toe jy iets nuut moes doen en jy ervaar het dat die Here by jou is.
- Paulus skryf dat Hy geroep is om die evangelie te verkondig (1 Kor 1). Wat vra Jesus vir jou om te doen in die nuwe jaar of nuwe hoofstuk van jou lewe?

## 4 Bid

Lees weer 1 Korintiërs 1:10 en Psalm 27:1 &14.
Vat mekaar se hande en bid vir mekaar en vir eenheid.

## 5 Doen

Print ‘n foto van julle “eerstes” en plak dit op die yskas met die woorde van Psalm 27:14 daarby geskryf.

